

22.3 BESWAARSKRIF: DS PA COETZEE EN DR HF VAN WYK TEEN 'N BESLUIT VAN SINODE 2012 – LIED 353 (Artt 33, 38, 239, 257)

- A. Ds PA Coetzee stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 2 – Liturgies.
- C. Ds HB Hattingh rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 2 – Liturgies.

D. **BESWAARSKRIF**

1. **Besluit waarteen beswaar gemaak word**

Hiermee die ondergetekendes se beswaar teen 'n besluit van Sinode 2012:408, 3.1.

3.1 *Aanbeveling*

In die lig van 2.3 keur die Sinode Lied 353 af

Besluit: Afgekeur. Lied 353 word goedgekeur.

2. **Agtergrond**

Tydens die bespreking oor hierdie lied in Sinode 2012 is reeds dwaalleer in hierdie lied deur die beswaardes uitgewys. Die Kommissierapport erken dat daar teenoorstaande standpunte is en beveel aan dat die lied nie goedgekeur word nie. Tydens die stemming oor die saak word die Kommissierapport se aanbeveling afgekeur deur 'n meerderheidstem.

Die kern van die beswaar is dat hierdie lied sterk Remonstrantse teologie verkondig, asook die leer oor die twee nature van Christus in gedrang bring:

Remonstrantisme word in die Beswaarskrif uitgewys deur die woorde: *Wie glo in Jesus Christus word nou sy eiendom* (vers 3). Daarmee saam dat Jesus *Immanuel word* (vers 1) en dat Hy ons *Verlosser word* (Vers 2).

Die leer oor die twee nature van Christus wat in gedrang gebring word, word uitgewys in die woorde dat Christus *Immanuel word* (Vers 1) en dat Hy ons *Verlosser word* (vers 2).

Beswaargrond 1: Ons het beswaar teen die woorde: *Wie glo in Jesus Christus word nou sy eiendom*

Die gebruik van die woorde "*wie glo*" en opgevolg deur die woord "*nou*" impliseer dat die geloofskeuse by die mens lê, en as die *mens* in Christus glo hy die eiendom van Christus *word*.

Motivering

1. Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3 en 4 verwerp die dwaling (paragraaf 6) wat sê: Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: *Met die ware bekering van die mens word geen nuwe eienskappe, kragte of gawes in sy wil deur God gestort nie. Daarom is die geloof, waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word, nie 'n eienskap of 'n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net 'n daad van die mens. Die geloof kan alleen 'n gawe genoem word vir sover as wat die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.*

Die Sinode leer: Daarmee weerspreek hulle die heilige Skrif, wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte uitstort: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart, en: Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet, en Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Hulle is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die kerk van God, wat in die woorde van die profeet so bid: Bekeer my, dan sal ek my bekeer.

2. In Lied 353 word duidelik gestel dat die mens die keuse het om die eiendom van Christus te word. Dus: dit is 'n Remonstrantse dwaling wat nie deel kan wees van ons liedereskat nie.

Beswaargrond 2: Jesaja 7:14 en 8:8 word buite konteks gebruik – Lied 353 is nie ‘n Skrifberyming nie, maar word as ‘n Skrifgetroue lied aanbeveel en daarom moet die lied die volle Godsopenbaring in ag neem.

In die Kommissierapport wat voor Sinode 2012 gedien het, word hierdie Skrifgedeeltes gebruik om die idee te ondersteun dat Christus Immanuel geword het. Jesaja 7:14 en 8:8 word buite konteks gebruik.

Motivering

Daar is geen verwysing by Lied 353 dat dit ‘n Skrifberyming is nie. Die beroep op hierdie verse alleen is daarom nie geldig nie en mag nie as motivering gebruik word nie. Hierdie is ‘n vrye lied wat veronderstel is om ‘n Skrifgetroue lied te wees en moet daarom die volle Godsopenbaring in ag neem.

Beswaargrond 3: Die hele uitverkiesingsleer word in gedrang gebring deur die drie bewerings dat Jesus Immanuel en Verlosser word.

Motivering

Die Dordtse Leerreëls stel baie duidelik dat die mens uitverkies is voor die grondlegging van die aarde (1.7 met verwysing van Efesiërs 1) en dat Christus voor die skepping reeds bestem is as Verlosser (1.7 bely duidelik *God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot Fondament van die saligheid gestel. So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak.* Christus was dus Middelaar en Verlosser voor die mens geskep is. Daarom weerspreek hierdie lied Skrif en Belydenis.

Prof Oosterhoff skryf in Christelike Encyclopedie (Deel 3:584) die volgende oor die woord Immanuel:

Daarom is dit woord in de komst van Jezus Christus vervul. Hij is de ware I. Hij is het teken in deze wereld, dat God met ons is. Het teken van zijn genade en trouw.

As Engel van die Verbond was Christus alreeds in die Ou Testament teken van God se genade en trou, Hy is dus Immanuel van ewigheid af. Met sy geboorte het Hy nie Immanuel geword nie, maar Hy wat Immanuel is, het vlees geword. Hy is TEKEN van God se genade en trou.

Indien daar hermeuneties uitgegaan word van die feit dat die Skrif een Godsopenbaring bevat, word die Messias in die Ou Verbond losgemaak van die Christus van die Nuwe Verbond, wat totaal onaanvaarbaar is.

Gevolgtrekking: Lied 353 weerspreek Skrif en Belydenis.

Beswaargrond 4: Ons Belydenis oor die twee nature van Christus kom in gedrang.

Die lied beweer dat Christus *Immanuel word en Verlosser word* eers met sy geboorte, maar dit is in stryd met ons Belydenis oor die twee nature van Christus:

Motivering

Ridderbos verklaar in die Korte Verklaring (1952:36) die gedeelte uit Matt 1 23 so: “..... de Messias is Zelf de God-met-ons. Hij is de vervulling van al de beloften Gods in den loop der eeuwen, omdat in Hem God Zelf bij de mensen leeft en woon.” Christus *is* dus deur die loop van al die eeue, ook in die Ou Testament, God met ons, Immanuel.

1. Ons bely in die Geloofbelydenis van Athanasius (par 34-37): “En alhoewel Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus. Hy is een, nie deur verandering van die Godheid in die vlees nie maar deur die aanneming van die mensheid in God. Hy is in alle opsigte een, nie deur vermenging van die wese nie maar deur die eenheid van die Persoon. Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens een Christus...”
2. Ons bely in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 18 die volgende (antwoord 48): ‘Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.’
3. Ons bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 18 dat Christus Immanuel is en nie Immanuel geword het nie.

4. In art 19 van die NGB bely ons die verhouding van die twee nature van Christus onder andere soos volg: "Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie". In hierdie verband het die Sinode van Chalcedon in 451 die standpunte van Eutyches en Nestorius afgewys deur te verklaar dat die twee nature van Christus onvermeng en onveranderd (teen Eutyches), asook ongedeel en ongeskeie (teen Nestorius) is. Oor hierdie saak skryf prof Johan Heyns die volgende in die 1978 (p249) uitgawe sy Boek Dogmatiek: "Dat die twee nature van Christus in die vereniging ongedeel en ongeskeie gebly het, beteken dat die handeling van Christus nie aan die twee nature afsonderlik toegeskrywe mag word nie, maar aan die één persoon waarin hulle verenig is. Die twee nature mag nie van mekaar losgemaak en dan gesê word: van bepaalde dade is die menslike natuur as sodanig die handelende Subjek of dat ander dade deur *die Goddelike natuur verrig is nie. In al Christus se dade gaan dit om die dade van één Persoon. Hy is geen dubbelwese nie, want daar is net één Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus (1 Tim 2:5). In Hom is daar nie twee subjekte nie, maar één Subjek uit wie al sy handeling in die twee nature ontspring.*"
5. Uit bogenoemde is dit duidelik dat dit dwaalleer is as die lied beweer dat Christus Immanuel geword of selfs Verlosser geword het. Op hierdie wyse word die twee nature van Christus geskei, terwyl dit slegs onderskei mag word. Dit bely ons ook in die NGB, art 10 en Sondag 13 van die Heidelbergse Kategismus. Artikel 10, NGB bely oor die Godheid van Christus die volgende: "Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie,..." en verder "Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie,..." Sonder enige twyfel kan ons dus bely: Hy is van ewigheid Immanuel, en het nie Immanuel geword toe Hy ons natuur aangeneem het nie.
6. In die dogmatiek word geleer dat die twee nature in een Persoon 'n viervoudige mededeling of kommunikasie ten gevolge het, naamlik *communicatio idiomatum*, *communicatio charismatum*, *communicatio apotelesmatum* en *communicatio adorationis* (Let veral op 6.3).
 - 6.1 *communicatio idiomatum* handel oor die mededeling of kommunikasie van goddelike en menslike eienskappe aan die één Persoon van Christus.
 - 6.2 *communicatio charismatum* handel oor die mededeling van Geestesgawes.
 - 6.3 *communicatio apotelesmatum* handel oor die mededeling van die deur die middelaarswerk verkreë resultate; dit beteken dat die werke van Christus wel tot stand gebring is deur die medewerking van sy godheid en mensheid, maar dat die resultaat 'n ondeelbare eenheid vorm. Hy het as Middelaar al die werk volbring. Ons sê dan dat vir ons sondes betaal is deur die dood van die Seun van God (Heidelbergse Kategismus, antwoord 40), al weet ons dat God nie sterwe nie.
 - 6.4 *communicatio adorationis* handel oor die mededeling van aanbidding of eer.
7. Prof Heyns skryf in sy boek *Dogmatiek* (p250): "*Ons sal moet aanneem dat die vereniging van die twee nature 'n toedrag van sake is wat ewig sal voortduur. Die kruiswoord van Christus: My God, my God, waarom het U my verlaat? (Mark 15:34) dui nie op 'n tydelike beëindiging van hierdie vereniging nie*". Dit bely ons dieselfde in art 19 van die NGB: "*Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het.*"

Hiermee reken ondergetekendes dat ons voldoende en gemotiveerd aangedui het dat Lied 353 nie geskik is om deel van die liedereskat van die GKSA te wees nie.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer ten opsigte van die hantering van die Beswaarskrif van ds PA Coetzee en dr HF van Wyk teen 'n besluit van Sinode 2012 om Lied 353 goed te keur vir gebruik in die erediens nadat eers met die beswaardes gesprek gevoer is.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

Ds PA Coetzee en dr HF van Wyk is geleentheid gegee om die Kommissie toe te spreek. Hulle standpunte asook hulle beredenering voor die Sinode is in ag geneem.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beredenering van die beswaargronde

3.1 Beswaargrond 1: *“Ons het beswaar teen die woorde: Wie glo in Jesus Christus word nou sy eiendom. Die gebruik van die woorde “wie glo” en opgevolg deur die woord “nou” impliseer dat die geloofskeuse by die mens lê, en as die mens in Christus glo hy die eiendom van Christus word.”*

3.1.1 Beredenering

Die Beswaarskrif stel met reg die waarheid dat God die geloof in die hart werk en dat die mens se geloofsgreep daarmee in die eerste plek God se werk in ons is. Dit word ook bevestig deur die eksegeese van Johannes 1:12-13 wat by die Kommissie ingehandig is.

Geloof is inderdaad tegelyk 'n gawe en 'n greep. Die mens word opgeroep om te glo, maar kan dit nie doen as God nie die gawe van geloof in hom gewerk het nie. In die Bybel word die twee kante van die geloof nie altyd in samehang met mekaar gestel nie. Daar is Skrifgedeeltes wat die gawe van geloof voorop stel. Maar daar is ook gedeeltes wat die klem op die greep kant van die geloof lê. Wanneer die tronkbewaarder byvoorbeeld vir Paulus vra wat hy moet doen om gered te word, is die antwoord: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.” (Handelinge 16: 31)

Lied 353:2, 3 is gebaseer op Johannes 1:9-13 met invoeging van Johannes 3:16. Die gedagtegang van Johannes 1:9-13 is die volgende: Christus het as die Lig van die wêreld na sy eiendom gekom. Sy eiendom het Hom egter nie aanvaar nie. Vers 12 stel die teenstelling: “Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;” (OAV). Hierdie sinsvolgorde is nie 'n tydsvolgorde nie, soos eksegeties ook aangedui kan word uit die daarop volgende gedeelte. Die reg tot kindskap is inderdaad alleen moontlik deur die heilshandeling van God in die menswording en genoegdoening van Christus waardeur God die mens as sy kind aanneem en daarom is die toe-eiening (“...aanvaar”) van die Evangelie 'n geloofsaad.

Alhoewel die lied die klem op die greep kant van die geloof plaas, kan daarmee egter nie stellig verklaar word dat die lied die Remonstrantse leer verkondig nie. Die gelowige kan dankbaar van God se genade sing vanuit die erkenning van die heil wat God bewerk het waaraan in die eerste woorde van die lied vasgegryp word. Hoogstens kan gestel word dat die lied daarin gebreke bly om Johannes 1:13 ook te verwoord.

Die vraag is of die woord ‘nou’ nie die mens in die middelpunt stel nie? Die lied handel egter oor die heilsgebeure in die menswording van Christus. Die ‘nou’ is nie die nou van die mens se besluit nie, maar die ‘nou’ van God se verlossingsdaad. Dit staan in ooreenstemming met Johannes 4: 23: “daar kom 'n uur, en dit is nou”.

3.1.2 Gevolgtrekking: Die lied voltooi wel nie die lyn van Johannes 1:7-13 deur die gawe karakter van die geloof na vore te bring nie. Die lied beklemtoon so die greep kant van die geloof. Die lied is egter nie 'n Skrifberyming nie.

Daar kan nie met stelligheid uit gemaak word dat die lied Remonstrants is nie aangesien die Bybel ook soms sodanige klem lê en omdat die Remonstrantse leer nie in sy konsekwensies in die lied voorgehou word nie. Daar word nie bewys dat dit 'n Remonstrantse dwaling is wat nie deel kan wees van ons liedereskat nie.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.1.2 kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling: Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Aanbeveling afgekeur en beswaargrond slaag.

3.2 Beswaargrond 2: “Jesaja 7:14 en 8:8 word buite konteks gebruik – Lied 353 is nie 'n Skrifberyming nie, maar word as 'n Skrifgetroue lied aanbeveel en daarom moet die lied die volle Godsopenbaring in ag neem. (Gevolgtrekking: dit is 'n Remonstrantse dwaling wat nie deel kan wees van ons liedereskat)”

3.2.1 Beredenering

Hierdie beswaargrond word gerig teen 'n beredenering van die Kommissierapport wat voor die Sinode 2012 gedien het en waarvan die Sinode (Acta 2012:408, 2.2.1a) net kennis geneem het. Daar is egter geen aanduiding in die besluit dat die Sinode die beredenering vir sy rekening geneem het nie en daarom kan daar nie beswaar gemaak word teen die beredenering nie. Hierdie beswaargrond is dus tegnies nie ontvanklik nie.

Ook indien die inhoudelike oorweeg sou word, slaag die beswaargrond nie. Die beswaardes beweer: “In die Kommissierapport wat voor Sinode 2012 gedien het, word hierdie Skrifgedeeltes gebruik om die idee te ondersteun dat Christus Immanuel geword het. Jesaja 7:14 en 8:8 word buite konteks gebruik.” Die beroep op hierdie Skrifgedeeltes is egter nie die enigste begroning vir die aanbeveling in die genoemde Rapport nie. Al sou dit dus kon bewys word dat dit buite konteks aangehaal is, sou dit slegs beteken dat 'n gedeelte van die begroning geskrap moes word, aangesien daar nie aangedui is dat die res van die begroning ongeldig is nie.

3.2.2 Gevolgtrekking: Die beswaardes toon nie hiermee aan dat die lied 'n Remonstrantse dwaling is nie.

Besluit: Punte 3.2 tot 3.2.2 kennis geneem.

3.2.3 Aanbeveling: Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Aanbeveling afgekeur en beswaargrond slaag.

3.3 Beswaargrond 3: “Die hele uitverkiesingsleer word in gedrang gebring deur die drie bewerings dat Jesus Immanuel en Verlosser word. (Gevolgtrekking: Lied 353 weerspreek Skrif en Belydenis).”

3.3.1 Beredenering

Die beswaardes stel by hierdie grond die waarheid van die uitverkiesingsleer en dat Christus voor die grondlegging van die wêreld reeds bestem was om Verlosser en Middelaar te wees. Hulle lei daaruit af dat die gedagte dat Christus Verlosser en Middelaar word die uitverkiesingsleer in gedrang bring. Hulle beweer ook dat daarmee 'n skeiding tussen die Ou en die Nuwe Testament teweeg gebring word. Die teendeel is egter dat die lied juis die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament voorop stel deur in die eerste reël die menswording van Christus aan te dui as die vervulling van die Ou Testamentiese profesie.

Lied 353:2, 3 volg die gedagtegang van Johannes 1. Johannes 1 het in vers 1 die uitgangspunt dat die Seun self God is en dat alles wat bestaan deur Hom tot stand gekom het. Tog realiseer die verlossing van mense om kinders van God te wees eers in sy menswording (Joh 1; 12, 13). Die ewige Skeppingsmiddelaar 'word' dus ons Verlosser in die realisering van sy menswording in die tyd.

3.3.2 Gevolgtrekking: Die lied weerspreek nie die Skrif nie en bring nie die hele uitverkiesingsleer in gedrang nie.

Besluit: Punte 3.3 tot 3.3.2 kennis geneem.

3.3.3 Aanbeveling: Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Aanbeveling afgekeur en beswaargrond slaag.

3.4 Beswaargrond 4: “*Ons Belydenis oor die twee nature van Christus kom in gedrang. Die lied beweer dat Christus Immanuel word en Verlosser word eers met sy geboorte, maar dit is in stryd met ons Belydenis oor die twee nature van Christus.*”

3.4.1 Beredenering

Die belydenis van Athanasius stel in artikel 29-35:

29 Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy getrou aan die menswording van ons Here Jesus Christus moet glo.

30 So is die opregte geloof dan: Ons glo en bely dan dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, tegelykertyd God én mens is.

31 Hy is God uit die Wese van die Vader, voor alle tye gegeneer, en mens uit die wese van sy moeder, in die tyd gebore;

32 volkome God, volkome mens met ‘n redelike siel en menslike vlees;

33 na die Godheid aan die Vader gelyk, na die mensheid minders as die Vader.

34 En alhoewel Hy God en mens is, is Hy nogtans nie twee nie maar een Christus.

35 Hy is een, nie deur verandering van die Godheid in die vlees nie, maar deur die aanneming van die mensheid in God.

Die twee nature van die Seun van God wie van ewigheid ware God is, bestaan dus eers sedert sy menswording. Sedert Hy die mensheid in die Godheid aangeneem het, kan die twee nature nooit weer geskei word nie. Die feit dat Hy sou mens word is reeds in die raadsplan van God bepaal. Daarom word dit reeds in die Moederbelofte duidelik geprofeteer. Dit het egter eers gerealiseer toe dit in die tyd fisies gebeur het. Hierdie heilsgebeure was noodsaaklik vir die realisering van al God se beloftes van verlossing en versoening wat nooit sou kon realiseer as Hy nie ook ware mens sou word nie. Openbaring 5 teken hierdie gebeure. Johannes huil wanneer niemand gevind kan word wat waardig is om die boek oop te maak nie. Of hierdie boek die boek van die lewe of die boek van God se raadsplan is, is nie seker nie. Die betekenis bly egter dieselfde, naamlik dat die mens gedoem is indien hierdie boek nie oopgemaak word nie. Dit is slegs die Lam wat geslag is wat bevoeg is om die boek oop te maak aangesien die verlossing van die mens afhanklik is van die voldoening van Christus in sy mensheid.

Die woord ‘word’ in die lied word nie gebruik om die begin nie, maar om die vervulling en/of voltooiing van God se belofte en die Ou Testamentiese profesie aan te dui wat in Matteus 1:21, 22 geskryf staan. Die strekking van Lied 353 volg dus in aansluiting by Johannes 1:14 die openbaringshistoriese lyn van ons Heiland se koms:

*“So lief het God die wêreld,
Hy gee vir ons sy Seun –
só word Hy ons Verlosser,
ons Middelaar en Steun”*

3.4.2 Gevolgtrekking: Die “word” van die lied is nie ‘n miskenning van die twee nature van Christus nie, maar ‘n erkenning van die noodsaak daarvan.

Besluit: Punte 3.4 tot 3.4.2 kennis geneem.

3.4.3 Aanbeveling: Die beswaar slaag nie op hierdie grond nie.

Besluit: Aanbeveling afgekeur en beswaargrond slaag.

4. **Gevolgtrekking**

Nie een van die beswaargronde slaag nie.

Besluit: Aanbevelings afgekeur en beswaargronde slaag.

5. **Aanbeveling**

Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Aanbevelings afgekeur en Beswaarskrif slaag in geheel.